

KUBERKAMMA

ONS IS GOD SE FONTEIN VAN LIEFDE



Johannes 20 vers 8 - 9

Daarna het die ander dissipel, wat eerste by die graf gekom het, ook ingegaan en hy het dit ook gesien en geglo. Hulle het nog nie die Skrif verstaan dat Jesus uit die dood moet opstaan nie.

Gebed vir Paastyd

Kortpad Deurdankoffer vir Merryvale

21 April 09h00 Erediens in die kerkgebou

Nog belangrike datums

Kommunikamma 21 April 2019

Saam op pad vir Christus

Sake vir gebed

Ons danke die Here vir die genotvolle oggend wat die Fonteinvriende gehad het. Ons bid dat die Here elke bejaarde gedurende die Paasnaweek sal verseker van Sy oneindige liefde, genade en teenwoordigheid.

Lees asseblief biddend die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

There4-Bediening: Gebedsversoek vir reis na Irak

Dra asseblief vir Janine Coetzee (wat sukkel met haar gesondheid), Therese Stapelberg en die ander dames wat eersdaags na Irak vertrek aan die Here op.

Kaartjies aanlyn beskikbaar

Kaartjies vir Music Trivia die 27ste April en vir Klikkerland die 1ste Mei is nou aanlyn beskikbaar.

Kermis 2019

Wat gaan die kermis laat werk? Jou gebed en betrokkenheid en bydrae. Al die tafels benodig verskeie tipes verpakkingsmateriaal. Lys van benodigdhede Die koffiewinkel, die kleinkoekies en beskuit-, vetkoek-, en potjiekostafels het nog hulp en items nodig. Bid asseblief getrou vir die Here se seën op die kermis.

Besoek aan Cala

Almal wat die naweek van die 10de tot die 12de Mei vir ds Derik Myburgh en die gemeente wil gaan kuier, kan Giel Meyer by 082 873 9844 kontak.

Padkos Vier Pase met passie!

Lukas 22 vers 15: Hy sê toe vir hulle: "Ek het baie daarna uitgesien om hierdie paasmaaltyd saam met julle te eet voordat ek ly."

Paasfees is 'n tyd om op reis te gaan - nie na Pringle-, Gans-, Sand- of enige ander baai nie. Dit is 'n innerlike reis gevul met onrus, waar jy stap vir stap die passie van Christus op die kruispad meemaak. Dit is 'n reis wat jy nie durf misloop nie, want meer as enige ander Christenfees, is dit die fees wat ons konfronteer met die essensie van ons Christelike geloof. Die kruis as die simbool van die Christelike

geloof, is die kruispunt tussen hemel en aarde. Dit kon nie eenvoudiger gewees het nie: 'n vertikale lyn as die verbinding tussen hemel en aarde, en die dwarsbalk wat uitreik na die wêreld. En aan die kruis, die somtotaal van al die liefde wat een mens vir Sy medemens kan hê. Die vraag is: hoe kan ons as skeptiese, postmodernistiese Christene wat alles bevraagteken en alles weeg en te lig bevind in terme van geloofwaardigheid, iets ervaar van Christus se passie? Juis deur dit met passie te vier en nie net as 'n sameloper of 'n toeskouer nie, maar as 'n bewoë deelnemer.

Gebod: Vader, gee dat ons ons op die vooraand van Pase sal voorberei om die grootsheid van die kruisiging en die opstanding opnuut te begryp en te beleef. Amen

[Hennie Symington www.versndag.co.za]

KuBergroete tot volgende keer

[2019-04-21]



Skandeer die **Kraggakamma Gemeente SnapCode** om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van **SnapScan** te betaal.
www.getsnapscan.com